

21 OKTOBER 2018

09:00 Erediens

Quintus Smit

Om nie te weet nie Pred. 3:11 & Jes. 55:8-9

09:00 Kategese Gr1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

*Bak-en-brou - Kerskoekies
Almal welkom!*



18:00 Aanddiens en Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Jeanri Bezuidenhout & Fay van Eeden

Doopvieringsgeleentheid

19:00 Belydenisklas (afsluiting)

Belydenisaflegging: wie, wat en hoe? (Kleingroep)

*Ons sluit die jaar saam af! Sal die dogters asseblief
'n bordjie eetgoed en die seuns 'n bottel koeldrank
saambring?*

28 OKTOBER 2018

09:00 Hervormingsfees & Nagmaal

Immanuel van Tonder

Geen Jnr. Kategese of Kleuterkerk a.g.v Nagmaal

18:00 Nagmaalsfees en Pelgrimsgroepe

(Snr. Kategese)

Peet Crous

Ons kuier vandag by Harmoniehof!

Voel jy moeg en uitgeput? Kom herlaai op 'n manier soos geen ander. Kom kuier saam by die inwoners van Harmoniehof... luister na hulle staaltjies, eet **lekker poeding**, en gee terug! Ons vertrek om 11:30 vanaf die kerk en sal so teen 13:30 terug wees. Laat weet asseblief vir Fay 083 478 0854 indien jy/julle bereid is om te help met vervoer.

Oktobermaand is tradisioneel dankiemaand in Lynnwood en baie ander gemeentes regoor die land. U het reeds 'n brief en 'n e-pos ontvang oor ons dankiemaand wat tot die einde van November strek. Oorweeg die saak asseblief ernstig.


Die Gasvryheidsbediening nooi al die nuwe intrekkers na 'n **Nuwe Lidmate-tee** na die erediens in die Kapel.

Nagmaalsfees – Aanddiens van 28 Oktober

Kom vier saam nagmaal om die tafel. Ons verskaf heerlike vars gebakte brood. Bring jou piekniekmandjie met eetgoed, wyn/sap vir die nagmaal en koeldrank saam.



Persone wat wil help om potte te maak vir die **Gemeenteverjaarsdag Potjiekos-ete** op 18 November word vriendelik versoek om asseblief hulle name by die *Info*-toonbank na die diens, of by die kerkkantoor op te gee.

Loer gerus op die agterblad vir meer inligting oor ons **Knubbelmark!** 

KLEUTERKERK JAARAFSLUITING – 4 NOVEMBER

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	Bybelstudie 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Wespoort Kerstee (Saal) – Dollie Verhage Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. Bybelstudie 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder 083 540 6015.
Woensdag:	Kleingroep vir Mamas met babas en kleuters 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854. "Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord). Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. Jong Volwasse Bybelstudie (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. Bybelstudie 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.



Lynnwood Gemeente is verantwoordelik vir ondersteuning van Huis 6 van die Jakarandakinderhuis. Die jaarlikse liggie-

fees (vanaf 1 tot 31 Desember) is die één geleentheid waar ons kans het om deur ons koffiestalletjie geld vir die huis in te samel.

Om dit 'n sukses te maak, is ons afhanklik van u vir skenkings (koffie, langlewemelk, suiker, ens.) en vrywilligers om die stalletjie te beman. Minstens drie persone per aand word benodig.

Dit is ook belangrik om die huis mooi te versier vir hierdie geleentheid. Hiervoor benodig ons u steun met liggies (blou of wit) en kreatiewe versiering. Kom raak nou betrokke by hierdie besondere projek. Skakel asseblief vir Anneke Doms by 083 652 2746.

AAND-KERSSANGDIENS – GEMEENTEKOR

Ons wil graag 'n koor, wat uit verskillende generasies bestaan, saamstel vir hierdie jaar se Aand-Kerssangdiens wat op 25 November plaasvind. Die koor sal slegs twee maal (in die week voor die diens en op die dag self) saam oefen. Belangstellendes kan vir Armand Fourie kontak by 084 513 3914.

Baie dankie aan die ouers van die Graad 7's wat vriendelik versoek word om te help tee skink vanaand na die Aanddiens.

U hulp word opreg waardeer.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.

Bankbesonderhede:

NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of Snap Scan.



Snap here to pay

SnapScan

KWARTAAL 4 DATUMS

- 14 OKT | Dankfees (Instagram wenner)
- 21 OKT | Doopviering
- 21 OKT | Harmonie Bederf (Lente tee)
- 28 OKT | Nagmaalsfees
- 8 NOV | 70's Karaoke. R50. Eie drinkgoed
- 24 NOV | Aandknibbelmark
- 25 NOV | Kerssangdiens

Kontak van die week:

Lynnwood se kerkgebou is vanjaar op 16 November vyftig jaar gelede feestelik in gebruik geneem. Ons vier dus vanjaar hierdie mooi geleentheid. Met die oog daarop gaan die Kontak oor die volgende paar weke deur lidmate en oud-predikante geskryf word.

LYNNWOOD BREEK MURE AF EN BOU BRÛE

Reformata, semper reformanda is die woorde op die hoeksteen van Lynnwood se kerkgebou. Vyftig jaar gelede het niemand kon dink hoe hierdie woorde die identiteit van die Lynnwood sou vorm nie. Die Latynse aanhaling verklaar: *die mense van die reformasie hou nooit op om te reformeer nie*. Dit beteken: *die Here het jou lewe verander sodat jy altyd in veranderende omstandighede 'n positiewe bydrae kan lewer*.

Jy stagneer nie. Jy is nie bang vir verandering nie. Jy hak nie vas in die verlede nie, maar bly by en pak die nuwe uitdagings met oorgawe aan. Jy loop voor. Dinge is nooit hopeloos nie, want in onseker tye bring jy hoop. Jy weet waar jou krag vandaan kom en jy deel dit met ander. Jy is nie bang vir die teenstand van mense nie. Wanneer uitgediende tradisies nie meer die toets van die Evangelie slaag nie, moet dit verander.

Vyftig jaar in Suid Afrika en in die kerk is 'n lang tyd. Oor hierdie jare het baie dinge verander. Die inhoud van die Bybel Boodskap het dieselfde gebly, maar die toepassing van die Boodskap lyk vandag radikaal anders.

Lynnwood het baie "eerstes" beleef. Die vrouens van Lynnwood het destyds voorgeloop toe vrouens opgehou het om hoede na die eredienste te dra. Lynnwood se Sondagmiddag Sotho-dienste vir huis en tuin werkers was die "eerstes" wat verskuif het van die motorhuise (met die olie kolle) waar hulle kerk gehou het, na die nuwe kerksaal. (Al die ou motors het olie gelek!)

Kort na die eerste demokratiese verkiesing (Julie 1994), word President Nelson Mandela genooi om 'n erediens in Lynnwood by te woon. Een van die eerste kindertjies wat Mandela voor die kerk gegroet het, was 'n agterkleinkind van die vorige Eerste Minister Hendrik Verwoerd (dogter van André en Annemaria Laas). Die Here het daardie Sondagoggend in Lynnwood gebruik om baie ou mure af te breek en nuwe brûe te bou. Dit was 'n fees van versoening. Mense het foto's geneem saam met die President. Mandela het handdrukke en handtekeninge uitgedeel. Hierdie was 'n geleentheid waar mense ten spyte van diep verskille, brûe van versoening na mekaar gebou het.

Daan Prinsloo se Bybel vertel 'n mooi storie. Daan was President PW Botha se privaat sekretaris. Met sy uitrede het President Botha aan Daan 'n Bybel gegee as geskenk. Voor in hierdie Bybel is daar nou twee handtekeninge van twee Presidente, PW Botha en Nelson Mandela!

Ter viering van Mandela se eerste 100 dae as President van Suid Afrika, voer CCN TV News van Amerika 'n onderhoud met Mandela. Die joernalis vra vir hom of hy as eerste swart president ooit gevoel het sy lewe is in gevaar tussen wit mense? Mandela antwoord: "I once visited an Afrikaans church in Pretoria. I was surrounded by many white people. They did not want to hurt me. They wanted to hug me with their love."

Later is Biskop Tutu (voorsitter van die die Waarheids- en Versoeningskommissie) genooi om 'n erediens in Lynnwood te lei. Weer kon ons hande vat en verder saam stap op die pad van versoening.

Soli Deo Gloria. Aan God die eer wat vandag steeds mense inspireer om mure af te breek en aan te hou om brûe van versoening te bou. Dis 'n voorreg om deel te wees van 'n gemeente wat reformeer.

Ockie Raubenheimer

Aanbiddingsleier-vakature - inligting op die web.

LYNNWOOD AAND-KNIBBELMARK – 24 NOVEMBER

Dit is weer tyd vir ons Kers-aandmark en hierdie jaar is dit in die vorm van 'n knibbelmark waar klein happies sorg vir groot bederf.

Ons benodig mense om vir die volgende stalletjies verantwoordelikheid te neem. Indien jy, jou gesin, jou vriendegroep of kleingroep een van die onderstaande stalletjies (of enige ander stalletjie) wil behartig kontak asseblief vir Fay (083 478 0854)

- Enige tapas
- Tuisgemaakte lekkergoed
- Rugby-snoepies (biltong, droëwors ens), want daar is groot rugby daardie dag wat ons saam op die grootskerm gaan kyk
- Gebak (koek, vrugtekoek, koppie-koekies, yskastert, souttert ens)
- Speelhoekie vir kinders

Kan jy help met 'n skenking van...?

Poeding – Martha Brits (073 267 7019)

Blomme en/of plante – Nerine Ahlers (082 373 3319)

Tuigemaakte produkte soos byvoorbeeld beskuit, konfyt, ensovoorts – Bettie Hammann (082 550 5079)

Wyn – Peet Crous (079 893 5572)

Tuisgebakte koekies en tuisgemaakte lekkergoed Fay van Eeden (083 478 0854)

Suiker, meel, eiers of melk – Elmarie Weyers (082 455 5665)

Vleis (wors, maalvleis, koue vleis), biltong, droëwors – kerkkantoor (012 348 1245)

Tuisgemaakte gemmerbier of blikkies koeldrank – Chris Strydom (079 871 7079)



Gemeenskap

Kuns Uniek (25jr) 17 Okt - 18 Nov 2018 by Chappiesweg 331, Lynnwood: Skilderye, Keramiek, Beelde en Juwele. Dinsdag tot Vrydag vanaf 10:00 – 18:00; Saterdag en Sondag 10:00 – 17:00 (Maandag gesluit). Navrae Marie Spruyt 083 268 8713.

Herwinningshousers is in die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artkels.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.



Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.


Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos

customercare@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgae) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.

Kontak ons: 012 348 1245, kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Web: www.nglynnwood.co.za

Ma – Do 07:30 – 13:00 en Vry tot 12:00. Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by Lynnwood Gemeente,

Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.